

Die nuwe bekostigbaarheidsassessering-regulasies ingevolge die Nasionale Kredietwet 34 van 2005 van naderby beskou

Stéfan Renke

Stéfan Renke, Departement Handelsreg, Universiteit van Pretoria

Opsomming

Die Nasionale Kredietwet 34 van 2005 (die Kredietwet) is die eerste verbruikerskredietwetgewing in Suid-Afrika wat vir 'n verpligte bekostigbaarheidsvasstelling voorsiening maak voordat nuwe krediet aan 'n verbruiker toegestaan word. Tot onlangs toe het die Kredietwet geen direkte voorskrifte bevat oor die wyse waarop hierdie artikel 81(2)-vasstelling gedoen moet word nie. Dit het kredietgewers gevolglik vrygestaan om hul eie evalueringselemente of -modelle en prosedures te gebruik ten einde die vasstelling te doen, onderhewig daaraan dat die vasstelling redelik en objektief moet geskied. Met die inwerkingtreding van die Nasionale Kredietwet Wysigingswet 19 van 2014 op 13 Maart 2015 het die posisie verander. Dit staan kredietgewers steeds vry om hulle eie evalueringselemente ensovoorts te gebruik mits dit nie in stryd is met die bekostigbaarheidsassessering-regulasies wat deur die minister uitgevaardig is nie. Op dieselfde datum het regulasie 23A en die definisies wat daarmee verband as deel van regulasiewysigings die lig gesien. Regulasie 23A, getiteld "Criteria to conduct affordability assessment", word in subafdelings verdeel. Die eerste deel sit die regulasie se toepassingsgebied uiteen. Die volgende drie onderafdelings het ten doel om die tweede deel van die kredietgewer se assesseringsverpligting ingevolge artikel 81(2)(a), naamlik om vas te stel of die voornemende verbruiker die krediet waarvoor aansoek gedoen word, kan bekostig, meer breedvoerig te reguleer. Samevattend moet 'n kredietgewer 'n voornemende verbruiker se diskresionêre inkomste bepaal om te sien of die verbruiker die beoogde krediet kan bekostig. As deel hiervan word kredietgewers verplig om vasgestelde minimum bedrae as "noodsaaklike uitgawes" by die berekening van die diskresionêre inkomste in ag te neem. Regulasie 23A word met maatreëls in verband met die kredietgewer se verpligting om die verbruiker se skuldterugbetalingsgeskiedenis ingevolge kredietooreenkomste in ag te neem, asook bepalinge ter regulering van diverse aangeleenthede afgesluit. Die doel van hierdie bespreking is om regulasie 23A en die definisies wat daarmee verband hou, onder die loep te neem en oor die moontlike gevolge daarvan te besin. Die bespreking word deur 'n bondige oorsig van die aanloop tot die invoeging van regulasie 23A voorafgegaan en deur 'n evaluasie opgevolg.

Trefwoorde: Artikel 81(2) Nasionale Kredietwet; artikel 78(3) Nasionale Kredietwet; bekostigbaarheidsassessering-regulasies; bestaande finansiële vermoëns en vooruitsigte; definisies; diskresionêre inkomste; kredietvasstelling; minimumuitgawe-norme; regulasie 23A; remedies; skuldterugbetalingsgeskiedenis; uitkoms van kredietvasstelling; vermyding van verdubbeling

Abstract

A closer look at the new affordability assessment regulations in terms of the National Credit Act 34 of 2005

The National Credit Act 34 of 2005 (the Credit Act) is the first credit enactment in South Africa that made an assessment of affordability compulsory before credit is extended to the consumer. Until recently the Credit Act did not contain direct prescriptions on how this section 81(2) assessment should be conducted. A credit provider was therefore allowed to determine its own evaluative mechanisms or models and procedures to be used in meeting its section 81 assessment obligations. The only requirement was that the credit provider conducts a fair and objective assessment. The position changed when the National Credit Amendment Act 19 of 2014 became effective on 13 March 2015. Credit providers are still free to use their own evaluative mechanisms *etcetera*, subject thereto that a fair and objective assessment is conducted. However, there is now the additional requirement that such mechanisms *etcetera* must not be inconsistent with the affordability assessment regulations made by the minister. On the same date regulation 23A and the definitions to give effect to regulation 23A became effective as part of amendments to the regulations promulgated in terms of the Credit Act.

The purpose of this discussion is to consider regulation 23A and the new definitions aimed at giving effect to the regulation and to reflect on its consequences. A brief discussion of the developments that preceded the insertion of regulation 23A in the National Credit Regulations is also provided.

The most important definitions inserted in section 1 of the National Credit Regulations for purposes of regulation 23A are the definitions of “gross income”, “discretionary income” and “necessary expenses”. These concepts are explained below. Regulation 23A, entitled “Criteria to conduct affordability assessment,” is divided into subdivisions. The first part sets out the field of application of regulation 23A. The regulation applies to current, prospective and joint consumers, all credit providers and all credit agreements subject to the Credit Act. The latter is subject to regulation 23A(2), which determines which credit agreements are not subject to regulation 23A. The same credit agreements that are exempted from the reckless provisions in the act are *inter alia*, and for reasons that are self-explanatory, not subject to regulation 23A. The next three subdivisions of regulation 23A have as aim to regulate the second leg of the credit provider’s assessment obligation in terms of section 81(2) more extensively, namely to assess whether the prospective consumer can afford the credit he/she applies for. The manner in which a prospective consumer’s existing financial means and prospects must be assessed is addressed first. This is followed by the assessment of the consumer’s financial obligations and debt repayment history under credit agreements. It is submitted that regulation 23(8), in terms of which a credit provider must make a calculation of the consumer’s existing financial means, prospects and obligations, as envisaged in sections 78(3) and 81(2)(a) (iii) of the Credit Act, should serve as the point of departure. Regulation 23A(3) forms the crux of the provisions in respect of the consumer’s existing financial means and prospects. It provides that the credit provider must take practical steps to assess the consumer’s (or joint consumers’) discretionary income to determine whether the consumer has the financial means and prospects to pay the proposed credit instalments. The discretionary income is the consumer’s gross income less statutory deductions less necessary expenses less all other committed payment obligations as disclosed by the consumer, including obligations disclosed by the consumer’s credit record as held by credit bureaux. “Gross income” means all income earned from whatever source, without deductions. The regulation imposes an obligation on the credit provider to take practical steps to verify the consumer’s gross income. The obligations are imposed on the consumer to accurately disclose to the credit provider all

financial obligations and to provide authentic documentation to the credit provider to enable the latter to conduct the affordability assessment. The definition of “necessary expenses” is of importance in respect of the assessment of the consumer’s existing financial obligations. The concept means the consumer’s minimum living expenses including maintenance payments but excluding monthly debt repayment obligations in terms of credit agreements. Of importance is that credit providers are obliged to take fixed minimum amounts into consideration as minimum living expenses. For purposes of the latter a table with “minimum expense norms” is provided. According to the table, if a consumer, for instance, earns a monthly gross income of R2 000, the credit provider must deduct at least an amount of R881 as minimum living or necessary expenses. The only exception is where the consumer, by completing a so-called “declaration of consumer’s necessary expense questionnaire”, can show that his/her living expenses per month are less than the prescribed amount. In summary, as far as the assessment of the prospective consumer’s existing financial means, prospects and obligations are concerned, a credit provider must determine a prospective consumer’s discretionary income to ascertain whether the consumer can afford the proposed credit. Regulation 23A is concluded with measures to regulate the credit provider’s obligation to take the consumer’s debt repayment history in terms of credit agreements into consideration and with measures to regulate a number of miscellaneous aspects. Included under the latter are measures aimed at avoiding double counting in calculating the discretionary income and to provide a consumer, who feels aggrieved by the outcome of the affordability assessment, with a grievance procedure.

As a result of the abovementioned regulation amendments, credit providers will no longer have *carta blanche* when conducting the affordability assessment. On the positive side, a greater measure of consistency amongst credit providers when conducting these assessments ought to be ensured by the insertion of regulation 23A. A basis model is provided by the legislature that will serve as a basis or bottom line model for all credit providers when conducting the assessment. However, there are aspects in the regulation and definitions deserving of further attention. For example, some of the definitions are poorly drafted and the grievance procedure afforded to the consumer seems not to be aligned with the provisions of the Credit Act. In conclusion, one will have to wait and see what the impact of the new affordability assessment regulations will be in practice.

Keywords: affordability assessment regulations; avoidance of double counting; credit assessment; debt repayment history; definitions; discretionary income; existing financial means and prospects; minimum expense-norms; outcome of credit assessment; regulation 23A; remedies; section 81(2) National Credit Act; section 78(3) National Credit Act

1. Inleiding

Een van die doelstellings van die Nasionale Kredietwet 34 van 2005 (hierna die Kredietwet) is om verantwoordbaarheid in die kredietmark te bevorder deur verbruikers aan te moedig om verantwoordelike lenings aan te gaan en deur die roekelose toestaan van krediet deur kredietgewers te ontmoedig.¹ Die Kredietwet is gevolglik die eerste verbruikerskredietwetgewing² in Suid-Afrika wat vir ’n verpligte vasstelling voorsiening maak voordat nuwe krediet aan ’n verbruiker toegestaan word.³ Ingevolge artikel 81(2) mag ’n kredietgewer nie ’n kredietooreenkoms aangaan⁴ sonder om eers redelike stappe te doen om vas te stel of die voornemende verbruiker die risiko’s en koste van die beoogde krediet in die algemeen verstaan of begryp nie. Dieselfde geld die verbruiker se regte en verpligtinge ingevolge die beoogde kredietooreenkoms.⁵ Daar moet voorts ’n vasstelling van die verbruiker se skuldterugbetalingsgeskiedenis⁶ as ’n verbruiker kragtens kredietooreenkoms, asook van die verbruiker se bestaande finansiële vermoëns, vooruitsigte en verpligtinge⁷ gedoen word.⁸

Behalwe om te spesifiseer watter aspekte met betrekking tot die voornemende verbruiker geassesseer moet word en om te vereis dat redelike stappe gedoen moet word wanneer die artikel 81(2)-vasstelling plaasvind, het die Kredietwet tot onlangs toe geen direkte voorskrifte bevat oor die wyse waarop die artikel 81(2)-vasstelling gedoen moet word nie. Die wet het bepaal dat kredietgewers geregtig is om hulle eie evalueringsemechanismes of -modelle en prosedures te gebruik wanneer die artikel 81(2)-vasstelling gedoen word, onderhewig aan die vereiste dat die vasstelling redelik en objektief moet wees.⁹ Artikel 82(2)(a) het die nasionale kredietreguleerder (hierna die kredietreguleerder)¹⁰ gemagtig om vooraf die vasstellingsmechanismes, modelle en prosedures ten opsigte van ontwikkelingskredietooreenkomste¹¹ goed te keur. Wat ander kredietooreenkomste aanbetref kon die kredietreguleerder riglyne publiseer¹² wat evalueringsemechanismes, modelle en prosedures aan die hand doen maar sodanige riglyne sou nie kredietgewers bind nie.¹³ Die posisie het met die inwerkingtreding van die Nasionale Kredietwet Wysigingswet 19 van 2014 (hierna die Kredietwysigingswet) op 13 Maart 2015¹⁴ verander. Ingevolge artikel 82(1) soos gewysig¹⁵ kan kredietgewers nog steeds hulle eie evalueringsemechanismes of modelle en prosedures gebruik ten einde die artikel 81(2)-vasstelling te doen, onderhewig daaraan dat die vasstelling redelik en objektief gedoen word. Artikel 82(1) bevat egter nou die bykomende voorvereiste dat sodanige meganisme, model en prosedure nie in stryd moet wees met die bekostigbaarheidsassessering-regulasies wat deur die minister uitgevaardig is nie. Artikel 82(2) is vervang¹⁶ en bepaal dat die minister op aanbeveling van die kredietreguleerder bekostigbaarheidsassessering-regulasies moet uitvaardig. Laastens is artikel 82(3) en (4) herroep¹⁷ met die gevolg dat die verbruikerstribunaal nie langer ingevolge die wet gemagtig is om op versoek van die kredietreguleerder voorgeskrewe assesseringsriglyne op 'n kredietgewer van toepassing te maak nie.

'n Belangrike gevolg wat uit die wysiging van artikel 82 voortgespruit het, is dat die minister inderdaad bekostigbaarheidsassessering-regulasies uitgevaardig het wat op 13 Maart 2015 saam met die Kredietwysigingswet in werking getree het.¹⁸ Hierdie regulasies vorm deel van die nasionale kredietregulasies (hierna die kredietregulasies)¹⁹ wat op genoemde datum omvattend deur die wysiging van bestaande en die invoeging van nuwe regulasies gewysig is.²⁰ Verskeie redes is vir die promulgering van die bekostigbaarheidsassessering-regulasies aangevoer, onder andere om bekostigbaarheidsvasstellings te standaardiseer en die monitering daarvan te vergemaklik. Daar is verder aangevoer dat kredietgewers dikwels die modelle wat gebruik word om bekostigbaarheid vas te stel onkonsekwent toepas of versuim om hoegenaamd vasstellings te doen.²¹

Die doel van hierdie bespreking is om die nuut ingevoegde bekostigbaarheidsassessering-regulasies, te wete regulasie 23A en die definisies wat daarmee verband hou, onder die loep te neem en oor die moontlike gevolge daarvan te besin. Die bespreking word deur 'n bondige oorsig van die aanloop tot die invoeging van regulasie 23A en die nuwe definisies voorafgegaan en deur 'n evaluasie opgevolg. Vir doeleindes van laasgenoemde moet melding gemaak word van een van die kriteria wat deur Wilson gebruik word om aan te dui of 'n regime of stelsel wat verantwoordelike uitleenbeginsels beoefen²² in alle waarskynlikheid doeltreffendheid sal wees, naamlik om buigsame, geïndividualiseerde kredietassesseringspraktyke, of ten minste praktyke wat nie rigied en onbuigsam is nie, aan te moedig.²³ Ter uitbreiding sê Wilson dat dit 'n moontlike tekortkoming kan wees indien die interpretasie van 'n verantwoordelike uitleenstelsel aanleiding gee tot beperkende leningspraktyke wat finansiële uitsluiting vererger.²⁴ Sy waarsku dat lakse leningspraktyke net so min as leningspraktyke wat aan bande lê, aangemoedig moet word.²⁵ Volgens Wilson is die hooforsaak van oormatig beperkende leningspraktyke in onbuigsame kredietassesseringsmetodes geleë.²⁶ 'n Leningsregime wat nie geïndividualiseerde kredietvasstellings aanmoedig nie sal waarskynlik tot leningspraktyke wat oormatig beperkend is aanleiding gee en oorverskuldigheid vererger.²⁷ Statistiek aangaande die kredietkuldsituasie in Suid-Afrika is eweneens vir doeleindes van die evaluasie van belang.²⁸

2. Oorsig van die agtergrond tot die bekostigbaarheidsassessering-regulasies²⁹

Die aanloop tot regulasie 23A en die definisies wat daarmee verband hou, het in 2012 begin met die sluiting van 'n ooreenkoms deur die verteenwoordigers van die groot handelsbanke, die "Banking Association of South Africa" (BASA)³⁰ en die nasionale tesourie om verantwoordelike lenings te bevorder en te voorkom dat huishoudings in 'n skuldspiraal beland. Die ooreenkoms is deur 'n vergadering voorafgegaan wat op 19 Oktober 2012 gehou is en waartydens daar onder andere ooreengekom is dat BASA, die kredietreguleerder en die nasionale tesourie 'n standaard daar sal stel om bekostigbaarheid te meet wat dan later in regulasies as minimum standarde vervat kan word.³¹

Die volgende stap was die uitreiking van 'n openbare kennisgewing deur die kredietreguleerder in Mei 2013 waarin die voorneme uitgespreek is om bekostigbaarheidsassesseringsriglyne uit te reik ten einde kredietgewers te help om behoorlike bekostigbaarheidsassesserings te doen en om oorverskuldigheid en roekelose krediet te voorkom. Die konsepriglyne, waarop kommentaar teen nie later nie as 14 Junie 2013 versoek is, het onder andere voorgestel dat kredietansoekers hulle diskresionêre inkomste moet bewys indien dit bokant die norm of waarde is vir 'n persoon met hulle bruto inkomste,³² en dat kredietgewers al die inkomste, uitgawes en skuldbetalingsverpligtinge van 'n aansoeker in ag moet neem wanneer 'n bekostigbaarheidsvasstelling gedoen word. Verdere voorstelle was dat kredietgewers hulle daarvan moet weerhou om tot die maksimum van die verbruiker se diskresionêre inkomste uit te leen, dat 'n buffer van 25 persent toegelaat moet word ten einde vir ongunstige veranderinge in die ekonomie of in die verbruiker se omstandighede voorsiening te maak,³³ en dat kredietgewers aansoeke binne sewe dae moet prosessee nadat toegang tot die applikant se kredietinligting wat deur kredietburo's gehou word verkry is.

Die kredietreguleerder het vervolgens in September 2013 "affordability assessment guidelines" (hierna die September 2013-riglyne) vir kennisname deur die publiek gepubliseer. Dié riglyne was baie meer omvattend as die Mei-riglyne en het onder andere die toepassingsgebied daarvan uitgespel, asook vir definisies van begrippe soos "diskresionêre inkomste" voorsiening gemaak.³⁴ Daar is duidelik gemaak dat die artikel 81(2)-assessering meer behels as om bloot die waarskynlikheid dat die verbruiker in versuim sal raak, te bepaal en dat die September 2013-riglyne ten doel het om berekeningsnorme daar te stel ten einde kredietgewers in staat te stel om redelike stappe te neem om 'n voornemende verbruiker se bestaande finansiële vermoëns, vooruitsigte en verpligtinge³⁵ te bepaal.³⁶ Die September 2013-riglyne het, wat die vasstelling van 'n voornemende verbruiker se bestaande finansiële verpligtinge aanbetref, 'n tabel 1³⁷ bevat wat die minimum uitgawe-norme of standarde om te leef³⁸ afgebreek in die bruto inkomste wat die kredietgewer in die afwesigheid van bewys tot die teendeel mag aanvaar, uiteengesit het.³⁹ Vir doeleindes van hierdie bespreking is dit van belang⁴⁰ om daarop te let dat die September 2013-riglyne 'n voorbeeld bevat het⁴¹ om tabel 1 toe te lig.⁴² Dié riglyne moes saamgelees word met die "credit provider's code of conduct to combat over-indebtedness", gedateer September 2013.

Die September 2013-riglyne is opgevolg deur die publikasie⁴³ op 1 Augustus 2014 van konsepregulasies (hierna die 2014-konsepregulasies) rakende 'n verskeidenheid aspekte, insluitend bekostigbaarheidsassessering-regulasies. Die hersiene tabel 1 wat in die 2014-konsepregulasies vervat is vir doeleindes van die vasstelling van 'n voornemende verbruiker se bestaande finansiële verpligtinge, is een van die verskille tussen die September 2013-riglyne en die 2014-konsepregulasies wat uitgewys behoort te word. In stede van jaarlikse bruto inkomste is in die konsepregulasies van maandelikse bruto inkomste melding gemaak⁴⁴ en die vaste-faktor in die regulasies was nie net tot kos, vervoer en akkommodasie beperk nie. Nog 'n belangrike verskil is dat daar in die 2014-konsepregulasies, in teenstelling met die September 2013-riglyne, voorsiening gemaak is vir 'n remedie vir 'n verbruiker wat nie

met die uitkoms van 'n bekostigbaarheidsassessering tevrede is nie. Soos reeds vermeld,⁴⁵ het die finale regulasiewysigings op 13 Maart 2015 in werking getree. Regulasie 23A en die definisies wat daarmee verband hou, word hierna bespreek, waar nodig met verwysing na die verskille tussen die regulasie (en definisies) en die hier bo vermelde voorgangers daarvan.

3. Die nuwe definisies, regulasie 23A en die “declaration of consumer’s necessary expense questionnaire”

Daar is reeds vermeld⁴⁶ dat die wetgewer tydens die onlangse wysiging van die nasionale kredietregulasies nuwe definisies in regulasie 1 ingevoeg het⁴⁷ wat met regulasie 23A, die bekostigbaarheidsassesseringsregulasie, verband hou en ten doel het om laasgenoemde toe te lig en daaraan uitvoering te gee. “Kredietrekord” beteken die verbruiker se betalingsprofiel, ingeslote nadelige of ongunstige inligting wat as deel van die verbruiker se kredietprofiel deur 'n kredietburo gehou word. “Diskresionêre inkomste” word vervolgens gedefinieer as bro inkomste minus statutêre aftrekkings,⁴⁸ minus noodsaaklike uitgawes – tot 'n minimum soos in die regulasies gedefinieer – en minus alle ander betalingsverpligtinge waartoe 'n verbruiker verbind is en wat deur laasgenoemde geopenbaar is – met insluiting van betalingsverpligtinge wat kan blyk uit die applikant se kredietrekords wat deur enige kredietburo gehou word.⁴⁹ Die definisie word afgesluit met die belangrike inligting dat die diskresionêre inkomste die beskikbare bedrag is om die beoogde kredietpaaient mee te befonds. “Bruto inkomste” beteken alle inkomste uit watter bron ook al verdien sonder enige aftrekkings en “noodsaaklike uitgawes” is die verbruiker se minimum noodsaaklike uitgawes ooreenkomstig regulasie 23A(9) bepaal, met insluiting van betalings wat vir onderhoud gemaak moet word indien dit van toepassing is.⁵⁰ Maandelikse skuldterugbetalingsverpligtinge ingevolge kredietooreenkoms soos dit gereflekteer word op die voornemende verbruiker se kredietprofiel wat deur 'n kredietburo gehou word, word uitgesluit. Die definisie van “gesamentlike verbruikers” maak voorsiening vir verbruikers wat mede-hoofskuldenaars is wat gesamentlik en afsonderlik ten opsigte van dieselfde kredietooreenkoms aanspreeklik is en wat gesamentlik vir die kredietooreenkoms aansoek doen. Die borg of die kredietvrywaarder ingevolge 'n kredietwaarborg word uitgesluit. “Betalingsprofiel” is die laaste definisie van belang. Die begrip verwys na die verbruiker se betalingsgeskiedenis met betrekking tot 'n bepaalde transaksie.

Regulasie 23A, getiteld “criteria to conduct affordability assessment,” word met verdere opskrifte in subafdelings verdeel. Die eerste twee subregulasies sit die regulasie se toepassingsgebied uiteen en bepaal eerstens dat die regulasie van toepassing is⁵¹ op huidige, voornemende en gesamentlike verbruikers, alle kredietgewers en alle kredietooreenkoms waarop die Kredietwet van toepassing is.⁵² Die laaste gedeelte word onderhewig gestel aan regulasie 23A(2) wat bepaal watter kredietooreenkoms nie deur regulasie 23A gedek word nie. Dieselfde kredietooreenkoms wat ingevolge artikel 78(2) van die Kredietwet van die werking van artikels 81 tot 84 van die wet⁵³ – wat vir roekelose kredietverlening voorsiening maak en dit onder andere verbied – uitgesluit word, word om selfverduidelikende redes in regulasie 23A(2) herhaal.⁵⁴ Bykomend word 'n eensydige verhoging in die kredietlimiet kragtens 'n kredietfasiliteit,⁵⁵ 'n vooraf-bestaande kredietooreenkoms ingevolge skedule 3 item 4(2) van die wet,⁵⁶ enige wysiging van 'n kredietooreenkoms en/of die uitstel of afstanddoening van 'n bedrag kragtens 'n bestaande kredietooreenkoms,⁵⁷ 'n verbandooreenkoms wat vir die “department of human settlements” se “finance linked subsidy programs” kwalifiseer en krediet wat vir behuising toegestaan word wat binne die vasgestelde drumpel val wat van tyd tot tyd vasgestel word van die werking van regulasie 23(A) vrygestel. Indien die kredietlimiet ingevolge 'n kredietfasiliteit by wyse van ooreenkoms tussen die verbruiker en die kredietgewer verhoog word,⁵⁸ is die kredietgewer verplig om 'n vars bekostigbaarheidsvasstelling te doen⁵⁹ en gevolglik word sodanige verhogings nie in regulasie 23A(2) uitgesluit nie. Regulasie 23A

is laastens nie van toepassing nie op kredietooreenkomste wat deur regspersone⁶⁰ in die hoedanigheid as verbruiker gesluit word.⁶¹

Die volgende drie onderafdelings van regulasie 23A het ten doel om die tweede been van die kredietgewer se assesseringsverpligting ingevolge artikel 81(2)(a),⁶² naamlik om vas te stel of die voornemende verbruiker die krediet kan bekostig waarvoor aansoek gedoen word, meer breedvoerig te reguleer. Die wyse waarop die voornemende verbruiker se bestaande finansiële vermoëns en vooruitsigte geassesseer moet word, kom eerste aan die beurt, gevolg deur die verbruiker se finansiële verpligtinge en skuldterugbetalingsgeskiedenis kragtens kredietooreenkomste. By nadere ondersoek blyk dit dat die sub-regulasies wat deel vorm van elke onderafdeling met mekaar verband hou en nie in isolasie beskou moet word nie.

Daar word aan die hand gedoen dat regulasie 23A(8), wat onder die opskrif “existing financial obligations” ressorteer, as vertrekpunt moet geld. Gemelde regulasie bepaal dat ’n kredietgewer die verbruiker se bestaande finansiële vermoëns, vooruitsigte en verpligtinge moet bereken soos wat deur die “magtigende” bepaling in die Kredietwet, artikel 81(2)(a)(iii), beoog word. Die berekening moet voorts ook met inagneming van artikel 78(3) van die wet⁶³ gedoen word.⁶⁴

Om terug te keer na die eerste onderafdeling, naamlik die assessering van die verbruiker se bestaande finansiële vermoëns en vooruitsigte: ingevolge regulasie 23A(3) moet ’n kredietgewer praktiese stappe⁶⁵ doen om die verbruiker of gesamentlike verbruiker se diskresionêre inkomste te bepaal en sodoende vas te stel of die verbruiker die finansiële vermoëns en vooruitsigte het om die beoogde kredietpaaie te betaal.

Daar is reeds hier bo gesien “diskresionêre inkomste” behels bruto inkomste minus statutêre aftrekkings minus noodsaaklike uitgawes – tot ’n minimum soos in die regulasies gedefinieer – minus alle ander betalingsverpligtinge waartoe ’n verbruikerverbind is en wat deur laasgenoemde geopenbaar is. Regulasie 23A(4) plaas vervolgens die plig op ’n kredietgewer om praktiese stappe te doen om die verbruiker of voornemende verbruiker se bruto inkomste te verifieer.⁶⁶ In die geval van ’n verbruiker wat ’n salaris van ’n werkgewer ontvang, moet verifiëring geskied deur middel van die drie mees onlangse betaalstrokie of mees onlangse bankstate wat die nuutste drie salaris deponerings aandui.⁶⁷ Indien die verbruiker nie ’n salaris soos vermeld, verdien nie is die drie mees onlangse dokumentêre bewyse van inkomste of die drie nuutste bankstate voldoende.⁶⁸ Laasgenoemde of die nuutste finansiële state kan ter bevestiging van bruto inkomste gebruik word in die geval van ’n verbruiker wat vir hom –of haarself werk, informele werk verrig of op ’n wyse in diens is waar ’n betaalstrokie of dokumentêre bewys van inkomste nie ontvang word nie.⁶⁹ Indien die verbruiker se bruto maandelikse inkomste wesenlike verskille toon, moet die gemiddelde bruto inkomste vir die periode van minstens drie betaalperiodes voor die datum van die krediet aansoek gebruik word.⁷⁰

Ten einde ’n kredietgewer in staat te stel om die bekostigbaarheidsvasstelling te doen, word ’n verpligting op die verbruiker geplaas om al sy of haar finansiële verpligtinge op ’n akkurate wyse aan die kredietgewer te openbaar.⁷¹ Hierdie bepaling is in ooreenstemming met artikel 81(1) van die Kredietwet wat bepaal dat ’n verbruiker, wanneer aansoek gedoen word vir krediet of wanneer die kredietgewer die aansoek oorweeg, enige versoek om inligting deur die kredietgewer met die oog op die vasstelling waar en volledig moet beantwoord.⁷² Die verbruiker is verder verplig om outentieke dokumentasie aan die kredietgewer te verskaf sodat laasgenoemde die vasstelling kan doen.⁷³

Die volgende onderafdeling van die bekostigbaarheidsvasstellingsverpligting word deur die opskrif “existing financial obligations” aangedui, welke onderafdeling deur regulasie 23A(8) ingelei word wat reeds bespreek is. Ingevolge die definisie van “diskresionêre inkomste” moet noodsaaklike uitgawes tot ’n minimum soos in die regulasies gedefinieer van die bruto

inkomste afgetrek word. Regulasie 23A(9), (10) en (11) is in hierdie verband van belang. Ingevolge regulasie 23A(9) moet die kredietgewer die volgende minimum uitgawe-norme tabel, opgedeel in maandelikse bruto inkomste, gebruik wanneer die bestaande finansiële verpligtinge van verbruikers bereken word:

Tabel 1: Minimum Uitgawe-Norme

Minimum	Maksimum	Minimum maandelikse vasgestelde faktor	Maandelikse vasgestelde faktor = % van inkomste bo inkomstegroepering-minimum
R0.00	R800.00	R0.00	100%
R800.01	R6 250.00	R800.00	6.75%
R6 250.01	R25 000.00	R1 167. 88 ⁷⁴	9.00%
R25 000.01	R50 000.00	R2 855.38 ⁷⁵	8.20%
R50 000.01	Onbeperk	R4 905.38 ⁷⁶	6.75%

Dit word aangeneem dat ten spyte van die feit dat regulasie 23A(9) en die opskrif van tabel 1 van “minimum expense norms” melding maak, noodsaaklike uitgawes oftewel minimum noodsaaklike uitgawes ter sprake is. Die opskrif van tabel 1 in die 2014-konsepregulasies was “necessary expense norms”.⁷⁷ Die 2014-konsepregulasies het nie ’n sub-regulasie soortgelyk aan regulasie 23A(9) bevat nie. Dit is opmerklik dat, in teenstelling met die September 2013-riglyne, die maandelikse vaste-faktor in die tabel in regulasie 23A nie net tot kos, vervoer en akkommodasie beperk word nie. Ingevolge die “declaration of consumer’s necessary expense questionnaire”⁷⁸ word uitgawes wat deur die verbruiker ten opsigte van opvoeding, medies, water en elektrisiteit asook onderhoudsgelde aangegaan word as noodsaaklike uitgawes beskou.

Ingevolge regulasie 23A(10) word die volgende metodologie ten opsigte van die tabel vereis:

- Bruto inkomste moet deur kredietgewers bepaal word.
- Statutêre aftrekkings en minimum lewensuitgawes moet afgetrek word om by ’n netto-inkomste uit te kom wat vir die betaling van skuldpaaiemente toegewys moet word.
- Wanneer bestaande skuldverpligtinge in ag geneem word, moet die kredietgewer diskresionêre inkomste bereken ten einde die verbruiker in staat te stel om nuwe skuld te kan betaal.

Ten spyte van die bepalings van regulasie 23A(10) word geen voorbeeld of verduideliking ten opsigte van die werking van tabel 1 in regulasie 23A verskaf nie. Dit is in teenstelling met die September 2013-riglyne.

Regulasie 23A(11) magtig ’n kredietgewer om in ’n uitsonderlike geval en indien dit geregverdig is minimum uitgawes te aanvaar wat deur die verbruiker verklaar is en wat laer is as die minimum uitgawes wat in tabel 1 uiteengesit is, onderhewig daaraan dat die verbruiker of gesamentlike verbruikers die vraelys “declaration of consumer’s necessary expense questionnaire” voltooi. Die vraelys self verg nie dat die verbruiker of gesamentlike verbruiker bewys moet lewer van die verklaarde noodsaaklike uitgawes nie. Die verbruiker(s) word in die vraelys gewaarsku dat ’n wanvoorstelling van feite ingevolge die toepaslike reg hanteer sal word.

Regulasie 23A(12) blyk ’n samevatting van regulasie 23A(3) – (11) te wees en bepaal dat die kredietgewer, wanneer die bekostigbaarheidsvasstelling gedoen word, die verbruiker se

diskresionêre inkomste moet bereken,⁷⁹ en alle maandelikse skuldterugbetalingsverpligtinge ingevolge kredietooreenkomste soos weerspieël deur die verbruiker se kredietprofiel wat deur 'n geregistreerde kredietburo gehou word en onderhoudsverpligtinge en ander noodsaaklike uitgawes in ag moet neem.⁸⁰ Inagneming van die verbruiker se maandelikse skuldterugbetalingsverpligtinge ingevolge kredietooreenkomste soos weerspieël deur die verbruiker se kredietprofiel by kredietburo's hou verband met die derde onderafdeling van die kredietgewer se assesseringsverpligting wat in regulasie 23A(13) onder die opskrif "debt repayment history as a consumer under credit agreements" toegelig word. Ingevolge gemelde sub-regulasie moet 'n kredietgewer die verbruiker se skuldterugbetalingsgeskiedenis as 'n verbruiker kragtens kredietooreenkomste soos in artikel 81(2)(a) van die wet beoog, in ag neem en toesien dat hierdie vereiste nagekom word binne 'n tydperk van sewe besigheidsdae wat die aanvanklike goedkeuring van die krediet of die verhoging van 'n bestaande kredietlimiet onmiddellik voorafgaan.⁸¹ In die geval van verbandooreenkomste⁸² word die tydperk na 14 besigheidsdae verleng.⁸³

'n Ontleding van die plig wat ingevolge regulasie 23A(3) – (13) op kredietgewers geplaas word om vas te stel of 'n verbruiker of gesamentlike verbruikers die beoogde (nuwe) krediet of die verhoging van die kredietperk ingevolge 'n bestaande kredietooreenkoms waarvoor aansoek gedoen word, kan bekostig, dui op die oorhoofse plig om die verbruiker of verbruikers se diskresionêre inkomste te bereken. Die eerste stap is om bruto-inkomste te bepaal en te verifieer dat dit korrek is. Daarna word statutêre aftrekkings, byvoorbeeld werkloosheidsversekering en onderhoudsgelde, afgetrek. Die volgende stap is om noodsaaklike uitgawes, dit wil sê die minimum uitgawes wat die verbruiker of verbruikers moet aangaan om 'n bestaan te voer, af te trek. Onderhoudsgelde, indien van toepassing, is hierby inbegrepe maar skuldterugbetalingsverpligtinge ingevolge kredietooreenkomste soos weerspieël deur die verbruiker se kredietprofiel by kredietburo's word uitgesluit. Vervolgens moet alle ander betalingsverpligtinge waartoe die verbruiker of verbruikers verbind is en wat deur laasgenoemde geopenbaar is deur die kredietgewer afgetrek word, met insluiting van skuldterugbetalingsverpligtinge ingevolge kredietooreenkomste wat deur die verbruiker of verbruikers se kredietprofiel by kredietburo's aangedui word. Sodoende word die paalement wat vir die betaling van die kredietskuld beskikbaar is, vasgestel.

Die verpligting wat op kredietgewers geplaas word om nie minder nie as 'n sekere bedrag as noodsaaklike lewenskostes in ag te neem by die berekening van die verbruiker of verbruikers se bestaande finansiële verpligtinge vereis verdere toeligting. Tabel 1 kan aan die hand van 'n voorbeeld verduidelik word wat gebaseer is op die verduideliking in die September 2013-riglyne van die tabel.⁸⁴ Indien 'n voornemende verbruiker 'n maandelikse bruto inkomste van R2 000 verdien, moet die kredietgewer 'n minimum bedrag van R881⁸⁵ as noodsaaklike uitgawes van die verbruiker se bruto-inkomste aftrek. Die bedrag van R881 sluit alle noodsaaklike uitgawes van die verbruiker in en word nie, soos in die September 2013-riglyne, tot kos, vervoer en akkommodasie beperk nie. Indien die verbruiker onderhoudsplichtig is, word sodanige paalemente eweneens by die R881 inbegryp. Paalemente wat ingevolge kredietooreenkomste betaalbaar is, maak egter nie deel daarvan uit nie. Indien geregverdig en in uitsonderlike omstandighede is die kredietgewer gemagtig om 'n laer bedrag as R881 as noodsaaklike uitgawes te aanvaar, mits die verbruiker die vorm "declaration of consumer's necessary expense questionnaire" voltooi. Daar dien daarop gelet te word dat die minimum uitgawe-norme ingevolge regulasie 23A heelwat laer is as die norme ingevolge die September 2013-riglyne. Kragtens laasgenoemde sou die kredietgewer in bogenoemde voorbeeld 'n minimum bedrag van R1 254⁸⁶ as noodsaaklike uitgawes in ag moes neem. Die minimum maandelikse vasgestelde faktor ten opsigte van die laaste drie inkomstegroepe was ook heelwat hoër in die 2014-konsepregulasies as in regulasie 23A.⁸⁷

In 'n poging om verdubbeling⁸⁸ by die berekening van die verbruiker of verbruikers se diskresionêre inkomste te voorkom, word in regulasie 23A(14) bepaal dat 'n kredietgewer, wanneer 'n kredietooreenkoms op 'n vervangende grondslag gesluit word⁸⁹ met die doel om een of meer bestaande kredietooreenkoms af te los, dit moet boekstaaf dat die krediet waarvoor aansoek gedoen word, aangewend word om 'n ander kredietooreenkoms- of ooreenkoms te vervang en praktiese stappe moet doen om te verseker dat die krediet inderdaad vir sodanige doel aangewend word.⁹⁰

Die addisionele verpligting wat op die kredietgewer geplaas word om die verbruiker se skuldterugbetalingsgeskiedenis as 'n verbruiker kragtens kredietooreenkoms in ag te neem,⁹¹ kan nie beskou word in isolasie van die sogenaamde "removal of adverse consumer credit information and information relating to paid up judgments regulations" (hierna die amnestie-regulasies) wat op 1 April 2014 van krag geword het nie. Ingevolge die amnestie-regulasies⁹² moes 'n geregistreerde kredietburo nadelige inligting⁹³ wat op die regulasies se effektiewe datum deur 'n verbruiker se rekords⁹⁴ weerspieël is, verwyder. Dit moes binne 'n tydperk van 2 maande vanaf die effektiewe datum geskied het.⁹⁵ Geregistreerde kredietburo's was insgelyks verplig om inligting aangaande opbetaalde vonnisse⁹⁶ binne twee maande vanaf die effektiewe datum⁹⁷ asook op 'n voortgesette basis te verwyder.⁹⁸ Aan laasgenoemde verpligting moet telkens binne 7 dae nadat bewys van die opbetaling ontvang is, uitvoering gegee word.⁹⁹ Kredietgewers moet nadelige inligting van 'n verbruiker se kredietsituasie asook inligting aangaande opbetaalde vonnisse aan kredietburo's verskaf.¹⁰⁰ Inligting wat kragtens die amnestie-regulasies deur kredietburo's verwyder is, mag nie vir enige doeleindes – insluitend die toekenning van 'n kredietstelling¹⁰¹ en kredietvasstellings – deur kredietgewers gebruik word nie.¹⁰²

'n Verbruiker wat ontevrede is met die uitkoms van 'n bekostigbaarheidsvasstelling word laastens¹⁰³ die geleentheid gebied om die aangeleentheid aan te spreek. In die eerste instansie kan die verbruiker ingevolge artikels 134 of 136 van die Kredietwet 'n grief by die kredietgewer aanhangig maak vir moontlike geskilbeslegting.¹⁰⁴ Kragtens regulasie 23A(17) moet die kredietgewer vervolgens poog om die klage binne 14 besigheidsdae nadat dit van die ombud ontvang is, ingevolge artikel 134 op te los.¹⁰⁵ Indien die grief nie binne die tydperk in regulasie 23A(17)¹⁰⁶ vermeld deur die kredietgewer aangespreek word nie word die verbruiker gemagtig om die kredietreguleerder te nader¹⁰⁷ wat dan die klage binne 7 besigheidsdae moet oplos.¹⁰⁸ Indien die kredietreguleerder 'n kennisgewing van nie-verwysing ten opsigte van die klage uitreik, mag die verbruiker die aangeleentheid direk na die verbruikertribunaal ooreenkomstig laasgenoemde se prosedure-reëls verwys.¹⁰⁹

Volledigheidshalwe vir doeleindes van hierdie bespreking en in aansluiting by die voorafvermelde remedies van die verbruiker indien die uitslag van 'n kredietvasstelling nie in die verbruiker se guns is nie, moet melding gemaak word van die reg wat ingevolge die Kredietwet aan elke volwasse natuurlike persoon of regspersoon as verbruiker¹¹⁰ verleen word om by 'n kredietgewer vir krediet aansoek te doen.¹¹¹ Artikel 60(2) verleen die reg aan 'n kredietgewer om te weier om 'n kredietooreenkoms met 'n voornemende verbruiker te sluit indien dit gebaseer word op redelike kommersiële gronde wat bestaanbaar is met die kredietgewer se gebruikelike risikobestuurs- en onderskrywingspraktyke.¹¹² Artikel 60(3) benadruk dat niks in die wet die reg aan enigiemand verleen om te vereis dat 'n kredietgewer 'n kredietooreenkoms met daardie persoon sluit nie.¹¹³ 'n Verbruiker het wel die reg om te weet waarom die krediet waarvoor aansoek gedoen is, geweier is.¹¹⁴

Die kredietregulasies is bindend in die mate waartoe dit toepassing vind. Gevolglik sal die nie-nakoming van die regulasies uit hoofde van die remedies en prosedures waarvoor in die kredietwet voorsiening gemaak word, hanteer word.¹¹⁵ Daar word nie verder op laasgenoemde aangeleentheid in hierdie bespreking ingegaan nie.

3. Evaluering

Kredietgewers het sedert 13 Maart 2015, die datum waarop die nuwe wets- en regulasiewysigings in werking getree het, nie langer *carta blanche* wat die verpligte artikel 81(2) bekostigbaarheidsvasstelling ingevolge die Kredietwet aanbetref nie, maar is voortaan gebonde aan die assesseringsregulasie, regulasie 23A. Afgesien hiervan, en onderhewig aan die oorhoofse voorwaarde dat die vasstelling steeds redelik en objektief gedoen moet word, staan dit kredietgewers nogtans vry om hul eie evalueringsmeganismes of modelle en prosedures te gebruik ten einde die vasstelling te doen. Die positiewe gevolg wat die insluiting van regulasie 23A op die wetboek behoort in te hou, is die daarstelling van 'n groter mate van konsekwentheid wat bekostigbaarheidsvasstellings aanbetref. Kredietgewers wat in die verlede versuim het om kredietassesserings te doen, behoort voortaan twee keer te dink of dit die moeite werd is om gemelde praktyk voort te sit. Nog 'n voordeel is die daarstelling van 'n evalueringsmeganisme of -model wat as 'n basis- of intreemodel vir alle kredietgewers kan dien wanneer die artikel 81(2) vasstelling gedoen word. Kredietgewers kan dus hulle eie evalueringsmeganismes of -modelle en -prosedures ontwikkel, gebruik en aanpas onderhewig aan die minimum vereiste dat die basismodel nagekom word. Die basismodel behoort veral nuwe toetreders tot die kredietmark wat geen ervaring en bestaande data het om op staat te maak nie handig te pas kom. In hierdie lig beskou, behoort die nuwe wysigings verwelkom te word.

Regulasie 23A en die definisies wat daarmee saamgaan is nie 'n toonbeeld van goeie wetsopstelling nie. Die definisies van “diskresionêre inkomste”¹¹⁶ en “noodsaaklike uitgawes”¹¹⁷ dien as voorbeelde. 'n Beter aanwending van leestekens kon byvoorbeeld veel daartoe bygedra het om hierdie definisies duideliker en meer verstaanbaar te maak. Die groot mate van herhaling wat in regulasie 23A voorkom, blyk verder onnodig te wees. Die aantal kere wat gemeld word dat die kredietgewer die verbruiker¹¹⁸ se diskresionêre inkomste moet bereken, dien as 'n voorbeeld van laasgenoemde. Laastens, word in regulasie 23A(13) uit die bloute uit, vir die eerste keer in regulasie 23A van 'n verhoging van 'n bestaande kredietlimiet melding gemaak. Dit is die enigste aanduiding in regulasie 23A dat bekostigbaarheidsvasstellings ook ten opsigte van (sekere) sodanige verhogings geverg word en nie net ten opsigte van nuwe kredietooreenkoms wat gesluit word nie.

Die uitsluitings van die toepassingsgebied van regulasie 23A maak sin. Dit sou byvoorbeeld onprakties gewees het om 'n bekostigbaarheidsassessering te vereis voordat 'n gebeurlikheids- (of insidentele) kredietooreenkoms tot stand kan kom aangesien die ontstaan van sodanige ooreenkoms juis by die plaasvind al dan nie van 'n sekere gebeurtenis geskied en die ontstaan dan nog onseker is. Wat die uitsluiting van regs persone as verbruikers aanbetref word aan die hand gedoen dat die insidensie van kleiner regs persone wat skuldoortrokke raak op 'n gereelde basis gemonitor moet word en dat hul uitsluiting van die beskerming wat die roekelose kredietverleningsbepalings bied, heroorweeg moet word indien dit op ekonomiese en sosio-politieke gronde nodig blyk te wees.

Die volgende punt wat ek wil aanraak, is die gebruik in regulasie 23A van die term “practicable steps” in stede van “reasonable steps” wat deur die kredietgewer geneem moet word om byvoorbeeld die verbruiker se diskresionêre inkomste vas te stel. Daar word aan die hand gedoen dat die woord “reasonable” in die regulasies gebruik moet word ten einde dit in ooreenstemming met die bewoording in artikel 81(2)(a)(iii) van die Kredietwet te bring dat die kredietgewer “reasonable” oftewel redelike stappe moet doen om die vasstelling te maak.¹¹⁹ Die woord “practicable” word nie gedefinieer nie en die vraag ontstaan wat “practicable steps” behels. Indien die toets “reasonable steps” is, kan die vraag of 'n kredietgewer voldoende stappe gedoen het om die bekostigbaarheidsvasstelling te maak, aan die hand van die optrede van die redelike kredietgewer in soortgelyke omstandighede getoets word.

Die verpligting wat voortaan op kredietgewers rus om as deel van die vasstelling van die verbruiker se diskresionêre inkomste laasgenoemde se bruto inkomste by wyse van dokumentêre bewys te verifieer, moet aan die eenkant verwelkom word. Bruto inkomste is die vertrekpunt in die berekening van diskresionêre inkomste en laasgenoemde is die bedrag wat bepaal of die verbruiker oor die nodige finansiële vermoëns en vooruitsigte beskik om die beoogde kredietpaaie te kan betaal. Verbruikers word as gevolg van die nuwe vereiste verhinder om hulle bruto inkomste aan te dik ten einde krediet te bekom waarop hulle in werklikheid nie geregtig is nie. Die skuldoortrokkenheid van verbruikers in Suid-Afrika kan gevolglik meer doeltreffend teengewerk word. Die verifiëring van inkomste behoort ook as 'n beskermingsmaatreeël vir kredietgewers te dien wat gekonfronteer word met 'n bewering deur 'n verbruiker dat roekelose kredietverlening plaasgevind het. Aan die ander kant ontstaan die vraag watter praktiese implikasies die nuwe vereiste inhou. 'n Addisionele administratiewe las word op kredietgewers geplaas en 'n mens wonder hoe dit veral die kleiner kredietgewers in die mark gaan beïnvloed. Nog 'n verbandhoudende aspek waaraan gedink moet word, is die invloed wat die nakoming van die bepaling van die Protection of Personal Information Act 4 of 2013 wat die beskerming van die verbruiker se persoonlike inligting aanbetref, op kredietgewers gaan hê. Dieselfde geld die nuwe verpligting wat in regulasie 23A(7) die verbruiker opgelê word om outentieke dokumentasie aan die kredietgewer te verskaf sodat laasgenoemde die artikel 81(2) vasstelling kan doen.¹²⁰ Die bevestiging in die regulasies van die verbruiker se plig ingevolge die wet om enige versoek om inligting deur die kredietgewer met die oog op die kredietvasstelling waar en volledig te beantwoord, word onderskryf.

Die insluiting van die vereiste in regulasie 23A dat kredietgewers in die berekening van die verbruiker se diskresionêre inkomste van minimum (noodsaaklike) uitgawe-norme gebruik moet maak, sal na alle waarskynlikheid die assesseringsregulasies se grootste invloed op die kredietmark teweegbring en gevolglik ook die belangrikste debatspunt uitmaak. In die eerste plek by wyse van algemene kommentaar: dit is 'n leemte dat die werking van tabel 1 wat die minimum uitgawe-norme uiteensit nie in die regulasies toegelig word nie. Toeligting word net gevind in die September 2013-riglyne wat nie vrylik bekombaar is nie. Dit is onseker waarom die verbruiker se skuldterugbetalingsverpligtinge ingevolge kredietooreenkomste soos weerspieël deur die verbruiker se kredietprofiel by kredietburo's, nie deel vorm van die verbruiker se noodsaaklike uitgawes en dus die minimum uitgawe-norme in Tabel 1 nie. Uiteindelik moet sodanige verpligtinge wel van die verbruiker se bruto inkomste afgetrek word en behoort dit dus nie 'n wesentlike verskil te maak nie.

Aan die positiewe kant moet herhaal word dat regulasie 23A, veral deur middel van die neerlegging van minimum uitgawe-norme, 'n basismodel vir kredietassesserings bewerkstellig wat weer op sy beurt konsekwentheid in die maak van bekostigbaarheidsvasstellings behoort te bevorder. Die toepassing van die minimum uitgawe-norme in die praktyk behoort aansienlik tot die bekamping van roekelose kredietverlening en die te groot skuldmas van verbruikers by te dra om sodoende die statistiek aangaande die kredietkuldsituasie in Suid-Afrika tot beter leesstof te omskep. 'n Saak het egter twee kante en die minimum uitgawe-norme kan moontlik tot die teenoorgestelde en waarskynlik onbeplande gevolg aanleiding gee. Indien die voorbeeld geneem word van die kredietgewer wat 'n minimum bedrag van R881 as noodsaaklike uitgawes van die voornemende verbruiker se bruto maandelikse inkomste van R2 000 moet aftrek, ontstaan die vraag wat oorbly om te bepaal of krediet aan die verbruiker toegestaan kan word. Daar moet nie uit die oog verloor word dat die noodsaaklike uitgawes nie die enigste bedrag is wat van die verbruiker se bruto inkomste afgetrek moet word om laasgenoemde se diskresionêre inkomste te bepaal nie. Die moontlikheid ontstaan dat die verbruiker, wat waarskynlik nie vir die krediet sal kwalifiseer nie, hom of haar tot kredietgewers in die informele kredietmark kan wend wat onversekerde, duurder krediet aanbied. Laasgenoemde kan weer tot die te groot skuldmas van die verbruiker bydra. Die ontneming van die reg van

sekere verbruikers om krediet in die formele kredietmark te bekom, blyk in teenstelling met die doelstelling van die Kredietwet in artikel 3(a) te wees, naamlik om die ontwikkeling van 'n kredietmark te bevorder wat vir alle Suid-Afrikaners toeganklik is en veral vir daardie gedeelte van die bevolking wat histories nie in staat was om toegang tot krediet in volhoubare marktoestande te verkry nie. Die voorsiening wat gemaak word vir verbruikers om deur middel van die voltooiing van die "declaration of consumer's necessary expense questionnaire" te bewys dat hulle noodsaaklike uitgawes inderdaad minder as die minimum uitgawe-norme is, kan verligting vir verbruikers meebring wat toegang wil bekom tot goedkoper krediet wat deur hoofstroom kredietgewers gebied word en andersins daarvan uitgesluit sou gewees het.

Laastens wat die minimum uitgawe-norme aanbetref moet Wilson se waarskuwings in gedagte gehou word. Die vraag kan tereg gevra word of die Suid-Afrikaanse kredietregime na die onlangse wets- en regulasiewysigings steeds vir voldoende buigsame, geïndividualiseerde kredietassesseringspraktyke voorsiening maak en dus gemeet aan Wilson se kriterium,¹²¹ waarskynlik doeltreffend sal wees. Hierdie vraag asook die vraag of die Suid-Afrikaanse wetgewer met die nuwe maatreëls te ver gaan, te voorskriftelik en paternalisties wil optree om verbruikers te beskerm, en wat die bekamping van 'n te groot skuldvas aanbetref die teenoorgestelde gaan bereik as wat gehoop is, sal met die verloop van tyd beantwoord word. Dit is waarskynlik goed dat die minimum uitgawe-norme in die regulasies laer as die September 2013-riglyne is.

Die oënskynlike doel van regulasie 23A(13) ingevolge waarvan 'n kredietgewer die verbruiker se skuldterugbetalingsgeskiedenis as 'n verbruiker kragtens kredietooreenkomste in ag moet neem en moet toesien dat hierdie vereiste nagekom word binne 'n tydperk van 7 besigheidsdae¹²² wat die aanvanklike goedkeuring van die krediet of die verhoging van 'n bestaande kredietlimiet onmiddellik voorafgaan is om te verseker dat vars en opgedateerde inligting deur kredietgewers in ag geneem word. Daar word aan die hand gedoen dat hierdie maatreël slegs in sy doel sal slaag indien kredietgewers verplig word om kredietinligting aangaande verbruikers met korter tussenposes aan kredietburo's (en uiteindelik ook aan die nasionale kredietregister¹²³ na die totstandkoming daarvan) te rapporteer. Dit behoort verder by te dra tot die meer effektiewe bereiking van die verbandhoudende doelwit om te voorkom dat verbruikers binne die verloop van 'n kort tydsbestek by verskeie kredietgewers om krediet aansoek doen terwyl die onderskeie aansoeke nog nie op die verbruiker se kredietrekords reflekteer nie. Laasgenoemde is 'n praktyk wat om logiese redes grootliks tot 'n te groot skuldvas kan bydra.

Samevattend word kredietgewers vanaf 13 Maart 2015 belas met die verpligting om, soos voorgeskryf, 'n voornemende verbruiker se diskresionêre inkomste te bepaal en om die verbruiker se skuldterugbetalingsgeskiedenis as 'n verbruiker kragtens kredietooreenkomste na te gaan. Die doeltreffende uitvoering van hierdie verpligting kan weens verstaanbare redes deur die "removal of adverse consumer credit information and information relating to paid up judgments regulations" in die wiede gery word.¹²⁴

Die wetgewer se poging om die sluiting van kredietooreenkomste wat op 'n vervangende grondslag gesluit word (oftewel konsolidasie-ooreenkomste) ingevolge regulasie 23A(14) te reguleer, kom volgende aan die beurt. Uit die opskrif van regulasie 23A(14), "avoiding double counting in calculating the discretionary income", word afgelei dat die sub-regulasie die voorkoming van verdubbeling ten doel het en dat 'n bekostigbaarheidsvasstelling dus nie in die geval van die sluiting van 'n blote konsolidasie-ooreenkoms vereis word nie. Laasgenoemde word nie pertinent deur die wetgewer uitgespel nie en die wetgewer volstaan met die vereistes dat die feit dat 'n konsolidasie-ooreenkoms met die verbruiker gesluit word deur die kredietgewer geboekstaaf moet word en dat die kredietgewer praktiese stappe moet doen om te verseker dat die verbruiker die krediet waarvoor aansoek gedoen word wel vir konsolidasie-

doeleindes aanwend. Dit is te betwyfel of hierdie maatreëls voldoende beskerming bied teen die risiko's wat die sluiting van samevattende ooreenkomste inhou. In die eerste plek wonder 'n mens hoe kredietgewers in die praktyk dit gaan vermag om te verseker dat die krediet wel vir konsolidasie-doeleindes aangewend word. Die hoofoorweging behoort te wees of die konsolidering van bestaande skuld inderdaad 'n verminderde skuld las of ten minste 'n skuld las wat nie meer is as die skuld wat gekonsolideer word nie vir die verbruiker tot gevolg sal hê. Indien dit nie die geval is nie behoort 'n bekostigbaarheidsvasstelling voor die sluiting van die konsolidasie-ooreenkoms plaas te vind.

Soos reeds vermeld, mag 'n kredietgewer ingevolge artikel 60(2) weier om 'n kredietooreenkoms met 'n voornemende verbruiker te sluit indien dit gebaseer word op redelike kommersiële gronde wat bestaanbaar is met die kredietgewer se gebruikelike risikobestuur- en onderskrywingspraktyk; artikel 60(3) beklemtoon dat niks in die wet die reg aan enigiemand verleen om te vereis dat 'n kredietgewer 'n kredietooreenkoms met daardie persoon sluit nie. Die enigste voorbehoud is dat 'n kredietgewer nie teen 'n verbruiker mag diskrimineer nie en indien diskriminasie wel plaasvind, stel die Kredietwet remedies tot die verbruiker se beskikking. In die lig van hierdie bepalings in die wet maak die verlening van remedies in die regulasies aan 'n verbruiker wat ontevrede is met die uitslag van 'n bekostigbaarheidsassessering gevolglik nie sin nie.

Die voorstel in die openbare kennisgewing wat in Mei 2013 deur die kredietreguleerder uitgereik is ingevolge waarvan kredietgewers nie tot die maksimum van die verbruiker se diskresionêre inkomste moet uitleen nie maar 'n buffer van 25 persent moet toelaat om vir ongunstige veranderinge in die ekonomie of in die verbruiker se omstandighede voorsiening te maak, is nie in regulasie 23A vervat nie. Die vraag of laasgenoemde 'n leemte in die regulasies is, is debatteerbaar. Ingevolge regulasie 23A(3) is die verbruiker se diskresionêre inkomste die bedrag wat bepaal of die verbruiker oor die nodige finansiële vermoëns en vooruitsigte beskik om die kredietpaaime te kan betaal. Indien die verbruiker se diskresionêre inkomste ten volle deur 'n kredietgewer vir die betaling van die kredietskuld aangewend word, is die verbruiker aan ongunstige veranderinge in die ekonomie, byvoorbeeld rentekoersstygings blootgestel. Dieselfde geld ongunstige veranderinge in die verbruiker se omstandighede, byvoorbeeld 'n verlies van inkomste. 'n Ingeboude buffer kan ten opsigte van 'n paar rentekoersveranderinge beskerming verleen maar dieselfde sal nie noodwendig in die geval van 'n verlies van inkomste geld nie. Dit hang af van die feite van elke geval. Aan die ander kant sal die inbou van 'n buffer in die verbruiker se diskresionêre inkomste om vir 'n ongunstige verandering in omstandighede voorsiening te maak, meebring dat nog meer verbruikers toegang tot goedkoper, hoofstroom-krediet ontsê word.

Regulasie 23A is nou 'n werklikheid wat weens die bindende krag daarvan as ondergeskikte wetgewing nie deur kredietgewers geïgnoreer mag word nie. Wat die werklike impak van regulasie 23A op die Suid-Afrikaanse kredietmark gaan wees, sal die tyd ons leer. Dieselfde geld die verwesenliking al dan nie van die regulasie se doelstellings. Wat steeds in Suid-Afrika kortkom, is die verskaffing van behoorlike leiding aan kredietgewers. Die kredietreguleerder se hande moet versterk word om hierdie funksie te kan vervul. Daar word dus voorgestel dat die kredietreguleerder statutêr gemagtig en verplig word om waar nodig riglyne met bindende krag te publiseer.¹²⁵ Vloeibaarheid in die regulering van die Suid-Afrikaanse kredietindustrie sal sodoende bewerkstellig word deurdat die kredietreguleerder kan ingryp sodra 'n aangeleentheid wat regulatoriese ingryping verg, geïdentifiseer word. Die stappe wat gedoen moet word om 'n redelike en billike bekostigbaarheidsvasstelling daar te stel, die konsolidasie van bestaande kredietskuld en die inbou van 'n buffer om vir ongunstige veranderinge in die ekonomie of die verbruiker se omstandighede voorsiening te maak, kom dadelik as riglyn-onderwerpe in my gedagtes op.

Bibliografie

Boraine, A. en C.M. van Heerden. 2010. Some observations regarding reckless credit in terms of the National Credit Act 34 of 2005. *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg*, 73(4):650–6.

Compuscan News Room. NCR implements new guidelines and code changes. <https://www.compuscan.co.za/ncr-implements-new-guidelines-and-code-changes-to-stamp-out-over-indebtedness/> (2 Mei 2015 geraadpleeg).

Draft National Credit Act Policy Review Framework. 2013. Invitation for the public to comment. AK. 559 SK. 36504, 29 Mei 2013.

Draft National Credit Regulations. 2014. GK. R.597 SK. 37882, 1 Augustus 2014.

Ensor, L. 2014. Department to publish rules to standardise affordability assessments. *Business Day Live*. <http://www.bdlive.co.za/business/retail/2014/07/22/department-to-publish-rules-to-standardise-affordability-assessments> (2 Mei 2015 geraadpleeg).

Fin24 gedateer 24 Mei 2015. SA debt measures backfire. <http://www.fin24.com/Debt/News/SA-debt-measures-backfire-20150524> (25 Mei 2015 geraadpleeg).

Joint statement by the Minister of Finance and the chairperson of the Banking Association of South Africa. 2012. Ensuring responsible market conduct for bank lending. http://www.treasury.gov.za/comm_media/press/2012/2012110101.pdf (7 Mei 2015 geraadpleeg).

Kelly-Louw, M. 2014. A credit provider's complete defence against a consumer's allegation of reckless lending. *South African Mercantile Law Journal*, 26(1):24–59.

Kelly-Louw, M. en P.N. Stoop. 2012. *Consumer credit regulation in South Africa*. Kaapstad: Juta.

Nasionale Kredietreguleerder. 2013. Openbare kennisgewing. http://www.ncr.org.za/press_release/Public%20Notice%20.pdf (7 Mei 2015 geraadpleeg).

–. 2013. Affordability assessment guidelines. Bron was op www.ncr.org.za beskikbaar. Inligting is uit Van Heerden en Renke (2015:par. II) bekom.

–. 2014. *Credit bureaux monitor*. www.ncr.org.za (10 Junie 2015 geraadpleeg).

National Debt Mediation Association. 2013. Credit industry code of conduct to combat over-indebtedness in terms of s 48(1)(b) of the National Credit Act (NCA). <http://www.ncr.org.za/pdfs/Circulars/Code%20of%20Conduct%20for%20CPs.pdf> (7 Mei 2015 geraadpleeg).

Otto, J.M. en R-L. Otto. 2013. *The National Credit Act explained*. 3de uitgawe. Durban: LexisNexis.

Removal of Adverse Consumer Credit Information and Information relating to Paid Up Judgments Regulations. 2014. AK. R.144 SK. 37386, 26 Februarie 2014.

Renke, S. 2012. An evaluation of debt prevention measures in terms of the National Credit Act 34 of 2005. Ongepubliseerde LLD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Scholz, J.W., J.M. Otto, E. Van Zyl, C.M. van Heerden en N. Campbell. 2008. *Guide to the National Credit Act*. Durban: LexisNexis.

Wilson, T. (red.). 2013. *International responses to issues of credit and over-indebtedness in the wake of crisis*. Abingdon, Oxon, GBR: Ashgate Publishing.

Van Heerden, C.M. en A. Boraine. 2011. The money or the box: perspective on reckless credit in terms of the National Credit Act 34 of 2005. *De Jure*, 44(2):392–415.

Van Heerden, C.M. en S. Renke. 2015. Perspectives on the South African responsible lending regime and the duty to conduct pre-agreement assessment as a responsible lending practice. *Int. Insolv. Rev.*, doi: 10.1022/iir.1233 (<http://dx.doi.org/10.1002/iir.1233>).

Wikipedia. Credit scoring. http://en.wikipedia.org/wiki/Credit_score (4 Junie 2015 geraadpleeg).

Eindnotas

¹ Art. 3(c). Art. 3(g) bevat 'n verbandhoudende doelwit, nl. om die oorverskuldigheid (“over-indebtedness”) van verbruikers aan te spreek en te voorkom.

² Synde wetgewing wat verbruikers wat goedere koop of huur, dienste bekom of geld leen ingevolge 'n kredietooreenkoms teen die kontraktuele en finansiële implikasies van sodanige ooreenkomste beskerm.

³ Dit is interessant om daarop te let dat voorwaarde 32 van die 2005 Vrystellingskennisgewing, die laaste vrystellingskennisgewing wat ingevolge art. 15A van die Woekerwet 73 van 1968 (een van die voorgangers van die Kredietwet) uitgevaardig is, vereis het dat 'n gelduitlener, ten einde vrystelling van die bepalinge van die Woekerwet te kon geniet, voordat 'n geldleningstransaksie met die lener gesluit is oorweging moes skenk aan die vermoë van die lener om die vereiste terugbetalings ingevolge die geldleningstransaksie na te kom. Sien AK. R.1407 SK. 27889, 8 Augustus 2005.

⁴ Of die kredietperk van 'n kredietfasiliteit by wyse van 'n ooreenkoms tussen die kredietgewer en die verbruiker ingevolge art. 119(1)(b) en (3) van die Kredietwet verhoog nie.

⁵ Art. 81(2)(a)(i).

⁶ Art. 81(2)(a)(ii).

⁷ Art. 81(2)(a)(iii). Ingevolge art. 78(3) sluit “finansiële vermoëns, vooruitsigte en verpligtinge”, inkomste of 'n reg op inkomste in, ongeag wat die bron van die inkomste is of met watter tussenposes of hoe gereeld dit ontvang word. Dit sluit ook die finansiële vermoëns, vooruitsigte en verpligtinge van enige ander volwasse persoon wat deel vorm van die verbruiker of voornemende verbruiker se onmiddellike familie of huishouding in in die mate wat die partye hul onderskeie finansiële vermoëns deel en gesamentlik vir hulle onderskeie finansiële verpligtinge verantwoordelik is. Laastens, indien die verbruiker aansoek doen om krediet of 'n kredietooreenkoms aangaan vir kommersiële doeleindes, word die redelike geskatte toekomstige inkomste wat uit die besigheid behoort voort te vloei ook ingesluit.

⁸ Indien die verbruiker beoog om die krediet vir 'n kommersiële doel aan te wend, moet daar vasgestel word of daar redelike gronde is om te aanvaar dat sodanige kommersiële doel suksesvol sal wees. Aan die hand van die kredietgewer se voormelde verpligting om 'n vasstelling te maak word drie vorme van roekelose kredietverlening in art. 80 deur die wetgewer onderskei. Die hofbevele wat 'n hof of die nasionale verbruikertribunaal (hierna die verbruikertribunaal) in die geval van roekelose kredietverlening kan maak, word in art. 83 uiteengesit. Vir 'n volledige bespreking van die verpligte art. 81(2)-vasstelling, die gevalle van roekelose kredietverlening ingevolge art. 80(1) en die remedies tot die verbruiker se beskikking ingevolge art. 83(2) en (3) indien roekelose kredietverlening plaasgevind het, sien Scholtz e.a. (2008:par. 11.4); Kelly-Louw (2012:par. 12.2); Otto en Otto (2013:par. 34.2). Sien ook Boraine en Van Heerden (2010:650); Van Heerden en Boraine (2011:392); Kelly-Louw (2014:24); Van Heerden en Renke (2015:par. II.).

⁹ Art. 82(1).

¹⁰ Die instansie wat ingevolge art. 12 van die Kredietwet ingestel is en o.a. kragtens art. 15 moet toesien dat die wet toegepas word.

¹¹ “Developmental credit agreements.”

¹² Art. 82(2)(b).

¹³ Art. 82(3). Meganismes, modelle en prosedures wat vooraf ingevolge art. 82(2)(a) deur die minister goedgekeur is t.o.v. kredietooreenkomste wat vir ontwikkelingsdoeleindes bestem is, het wel bindende krag geniet. Art. 82(4) het daarvoor voorsiening gemaak dat die kredietreguleerder die verbruikerstribunaal kon versoek om van ’n kredietgewer te vereis om die riglyne wat ingevolge art. 82(2)(b) gepubliseer is, toe te pas waar die kredietgewer herhaaldelik versuim het om die verpligtinge wat art. 81 voorskryf, na te kom of indien die kredietgewer evalueringmeganismes, modelle en prosedures gebruik het wat nie redelike en objektiewe assesserings tot gevolg gehad het nie. Die verbruikerstribunaal kon alternatief ander riglyne vir sodanige kredietgewer voorskryf, mits dit aan heersende praktyksnorme voldoen het.

¹⁴ Sien GK. R.10. SK. 38557, 13 Maart 2015.

¹⁵ Art. 24(a) Kredietwysigingswet.

¹⁶ *Ibid.*

¹⁷ Art. 24(b) Kredietwysigingswet.

¹⁸ Sien die *Draft National Credit Act Policy Review Framework* vir die beleidsoorwegings wat die wets- en regulasiewysigings voorafgegaan het.

¹⁹ Die kredietregulasies is in 2006 ingevolge die Kredietwet uitgevaardig – sien GK. R.489 SK. 28864 31 Mei 2006.

²⁰ GK. R.202 SK. 38557, 13 Maart 2015. Die Kredietregulasies is sedert die inwerkingtreding daarvan in 2006 ook ingevolge GK. R.1209 SK. 29442, 30 November 2006 en GK. R.604 SK. 30713, 29 Mei 2008 gewysig.

²¹ Sien Ensor (2014). Sien ook *Compuscan News Room*.

²² ’n “Responsible lending regime”.

²³ Wilson (2013:128). Die ander kriteria behels dat (1) die fokus op verantwoordelike uitleen in stede van verantwoordelike leen geplaas word om ’n te groot skuld las te voorkom; (2) die klem op verbruikerskrediet in die algemeen geplaas word en nie tot residensiële verbandlenings beperk word nie; en (3) ’n reguleerder wat met handhawing belas is, daargestel is, welke reguleerder behoorlik toegerus is om nakoming van die regulering van die kredietmark te monitor en af te dwing. Vir ’n volledige bespreking van hierdie kriteria, sien Van Heerden en Renke (2015:parr. I., III. B).

²⁴ Wilson (2013:126).

²⁵ Wilson (2013:127).

²⁶ *Ibid.*

²⁷ Wilson (2013:128)

²⁸ Ingevolge 'n berig op *News 24* gedateer 24 Mei 2015 is slegs 21 sent in elke rand in gemiddelde huishoudings beskikbaar om lewenskostes te dek. Suid-Afrika se vlak van huishoudelike skuld beloop 79% van die bestebare inkomste. Volgens *Credit Bureaux Monitor* (Maart 2014 kwartaal) het van die 21.71 miljoen krediet-aktiewe verbruikers in Suid-Afrika 9.6 miljoen sg. "impaired records" teen die einde van Maart 2014 gehad. Dit beteken dat 9.6 miljoen verbruikers 3 maande of langer agterstallig was met die betaling van kredietpaaieimente.

²⁹ Sien Van Heerden en Renke (2015:par. II) vir 'n volledige bespreking van die aanloop tot die bekostigbaarheidsassessering-regulasies, die maatreëls en/of besluite wat vervat was in die verskillende dokumente waarna hierna verwys word, asook die verskille tussen genoemde dokumente.

³⁰ BASA.

³¹ "Joint statement by the Minister of Finance and the chairperson of the Banking Association of South Africa."

³² Daar is voorts voorgestel dat hierdie norme of waardes as 'n persentasie van bruto inkomstegroeperings bepaal moet word. Die begrippe "diskresionêre inkomste" en "bruto inkomste" is nie in die kennisgewing toegeel nie.

Jaarlikse bruto inkomste	Jaarlikse vaste- faktor (kos, vervoer, verblyf)	Jaarlikse vaste- faktor + % van inkomste bo inkomstegroepering- minimum (%)	an ng ste bv. el) lyk
Min	Maks		
R0	R14,400	0	100
R14,400.01	R75,000	R14,400	6.75
R75,000.01	R300,000	R18,500	9
R300,000.01	R600,000	R40,500	8.2
R600,000.01	Hoog	R65,100	6.75

³⁸ Noodsaaklike uitgawes.

³⁹ September 2013-riglyne: par. 5.2.1.

⁴⁰ Die rede hiervoor sal later blyk.

⁴¹ September 2013-riglyne: par. 5.2.1.

⁴² Indien 'n voornemende verbruiker 'n bruto jaarlikse inkomste van R24 000 verdien (wat dus in die inkomstegroepering R14 400.01 tot R75 000 val), mag die kredietgewer nie jaarlikse noodsaaklike uitgawes van minder as R15 048 (R14 400 + R648) aanvaar nie, tensy bewys gelewer word dat die verbruiker se jaarlikse noodsaaklike uitgawes inderdaad minder is. R14 400 is die jaarlikse vaste-faktor wat die (minimum) jaarlikse uitgawes wat 'n kredietgewer t.o.v. kos, vervoer en akkommodasie moet aanvaar en R648 is 6.75% van R9 600 (synde R24 000 minus R14 400, die verbruiker se jaarlikse bruto inkomste minus die inkomstegroepering-minimum waarin die verbruiker val).

⁴³ Vir doeleindes van openbare kommentaar.

⁴⁴ Ten spyte hiervan het die inkomstegroeperinge, vaste-faktore en persentasies bo die inkomstegroepering-minimum in die September 2013-riglyne en die 2014- konsepregulasies nie noemenswaardige verskille getoon nie.

⁴⁵ Par. 1.

⁴⁶ *Ibid.*

⁴⁷ Die definisies is in hfst. 1 van die skedule wat die regulasiewysigings bevat, uiteengesit.

⁴⁸ Bv. inkomstebelasting, werkloosheidsversekeringsfondsgelde en onderhoudsbetalings.

⁴⁹ Die Engelse definisie van “diskresionêre inkomste” lui: “Discretionary Income’ means Gross Income less statutory deductions such as, income tax, unemployment insurance fund, maintenance payments and less Necessary Expenses (at a minimum as defined herein); less all other committed payment obligations as disclosed by a consumer including, such as may appear from the applicant’s credit records as held by any Credit Bureau which income is the amount available to fund the proposed credit Instalment.”

⁵⁰ Die definisie van “necessary expenses” is nie goed opgestel nie en lui “the consumer’s minimum living expenses including maintenance payments if applicable as determined in accordance with Regulation 23A(9) excluding monthly debt repayment obligations” Die indruk word dus geskep dat die onderhoudsbetalings, indien van toepassing, ooreenkomstig regulasie 23A(9) vasgestel moet word (en nie die “minimum expenses” nie). Reg. 23A(9), wat hieronder bespreek word, maak dit egter duidelik dat die “minimum expenses” ooreenkomstig reg. 23A(9) bepaal moet word.

⁵¹ Reg. 23A(1).

⁵² Die Kredietwet is op kredietfasiliteite, krediettransaksies en kredietwaarborge (of op ’n kombinasie van enige van hierdie transaksies) van toepassing. Sien die Kredietwet art. 8(1), (3), (4) en (5) geles met art. 1. Sien verder artt. 10 en 11 geles art. 1 insake die wet se onderskeidelike toepassing op ontwikkelingskredietooreenkomste (“developmental credit agreements”) en openbare belang-kredietooreenkomste (“public interest credit agreements”), twee bykomende kategorieë ooreenkomste waarvoor in die wet voorsiening gemaak word. Die begrip “ontwikkelingskredietooreenkomste” sluit o.a. lenings wat vir opvoedkundige doeleindes aangegaan word (“educational loans”) in. Lg. sluit weer studente- en skoolenings asook enige ander kredietooreenkoms wat deur verbruikers gesluit word vir doeleindes van hulle volwasse onderrig, opleiding of vaardigheidsontwikkeling in – Kredietwet art. 1. Vir ’n volledige uiteensetting van die kredietooreenkomste waarop die wet van toepassing is, sien Scholtz e.a (2008:hfst. 4, 8); Kelly-Louw (2012:hfst. 2); Otto en Otto (2013:hfst. 3).

⁵³ En van enige ander art. in deel D hfst. 4 in die wet (wat oor skuldoortrokkenheid en roekelose krediet handel) in die mate wat sodanige art. met roekelose krediet verband hou.

⁵⁴ Skool- en studenteleninge, openbare belang-kredietooreenkomste, pandtransaksies, gebeurlikheids- (of insidentele) kredietooreenkomste, ’n tydelike verhoging van die kredietlimiet kragtens ’n kredietfasiliteit (ingevolge art. 119(1)(a) geles met art. 119(2)(a) en (b)) en ’n noodlening is ter sprake. “Pandtransaksie”, “gebeurlikheidskredietooreenkoms” en “noodlening” word in art. 1 gedefinieer. Vir moontlike redes vir die vrystelling van hierdie ooreenkomste van die roekelose kredietbepalings in die wet, sien Renke (2012:415–6).

⁵⁵ Ingevolge art. 119(1)(c), 119(4) en 119(5) van die wet. Die rede vir die uitsluiting is dat art. 119, weens die feit dat die verbruiker vooraf tot die eensydige verhoging toegestem het en dat beperkings in die wet op eensydige verhogings geplaas word, nie vereis dat eensydige verhogings deur bekostigbaarheidsvasstellings voorafgegaan word nie.

⁵⁶ M.a.w. 'n kredietooreenkoms wat gesluit is voor die datum waarop die wet in werking getree het. Die roekelose kredietbepalings is om logiese redes nie op vooraf-bestaande kredietooreenkoms van toepassing nie. Kredietwet skedule 3 items 1(1) en 4(2) onderskeidelik.

⁵⁷ Ingevolge art. 95 van die Kredietwet moet die verskaffing van krediet as gevolg van die wysiging van 'n bestaande kredietooreenkoms, of as gevolg van die uitstel of die afstanddoening van 'n bedrag ingevolge 'n bestaande kredietooreenkoms, nie as die sluiting van 'n nuwe kredietooreenkoms vir doeleindes van die wet beskou word as die wysiging, uitstel of afstanddoening in ooreenstemming met die wet of die ooreenkoms gedoen word nie.

⁵⁸ Ingevolge art. 119(1)(b).

⁵⁹ Art. 119(3).

⁶⁰ Sien art. 1 vir die definisie van "juristic person".

⁶¹ Hoewel die Kredietwet op kleiner en/of finansiële minder sterk regspersone van toepassing is, m.a.w. regspersone met 'n batewaarde of jaarlikse omset van minder as R1 miljoen en wat 'n klein of middelslag kredietooreenkoms sluit, is hierdie kategorie verbruiker ingevolge art. 78(1) van die wet van al die bepalings van deel D van hfst. 4 uitgesluit.

⁶² Sien par. 1 hier bo. Die eerste deel van die assessering behels 'n ondersoek om vas te stel of die voornemende verbruiker die kostes en risiko's verbonde aan die krediet asook die verbruiker se regte en verpligtinge ingevolge die kredietooreenkoms in die algemeen verstaan en begryp.

⁶³ Sien in hierdie verband eindn. 7 hier bo.

⁶⁴ Die bykomende bepaling in die ooreenstemmende regulasie in die 2014- konsepregulasies dat sodanige berekening ook in die geval van aansoeke wat met die uitbreiding van bestaande kredietooreenkoms verband hou, gedoen moet word, is uit die finale regulasies weggelaat.

⁶⁵ Die term "practicable steps" word gebruik wat ook uitvoerbare, doenlike, bruikbare of geskikte stappe kan beteken.

⁶⁶ Tot en met die inwerkingtreding van reg. 23A was dit nie pertinent van kredietgewers vereis om die verbruiker se verklaarde inkomste te verifieer nie. Sien Kelly-Louw (2014:52).

⁶⁷ Reg. 23A(4)(a)(i) en (ii).

⁶⁸ Reg. 23A(4)(b)(i) en (ii).

⁶⁹ Reg. 23A(4)(c)(i) en (ii).

⁷⁰ Reg. 23A(5). Indien die verbruiker se betaalperiode bv. maandeliks is, moet die gemiddelde bruto inkomste vir die 3 maande voor die datum van die krediet aansoek uitgewerk en gebruik word.

⁷¹ Reg. 23A(6).

⁷² Ingevolge art. 81(4) van die Kredietwet kan 'n versuim deur die verbruiker om ware en volledige inligting aan die kredietgewer te verskaf 'n absolute verweer t.o.v. roekelose kredietverlening t.g.v. die kredietgewer daarstel. Vir meer inligting in hierdie verband, sien Kelly-Louw (2014:47–59).

⁷³ Reg. 23A(7).

⁷⁴ R1 541.67 in die 2014-konsepregulasies.

⁷⁵ R3 375.00 in die 2014-konsepregulasies.

⁷⁶ R5 425.00 in die 2014-konsepregulasies.

⁷⁷ Die verwysing in sub-reg. 23A(11) (wat hieronder bespreek word) na die “declaration of consumer’s necessary expense questionnaire” staaf die punt dat minimum noodsaaklike uitgawes in tabel 1 ter sprake is.

⁷⁸ Sien hieronder.

⁷⁹ Reg. 23A(12)(a).

⁸⁰ Reg. 23A(12)(b) en (c) onderskeidelik.

⁸¹ Reg. 23A(13)(a). Die term “besigheidsdae” word in art. 2(5) van die Kredietwet toegelig en beteken werksdae, met die uitsluiting van Saterdag, Sondag en openbare vakansiedae. Indien ’n voorgeskrewe aantal besigheidsdae tussen die plaasvind van gebeurtenisse bereken moet word, word die eerste dag uitgesluit en die laaste dag ingesluit.

⁸² ’n Kredietooreenkoms wat deur die registrasie van ’n verband oor die titeilakte van onroerende eiendom by die registrateur van aktes verseker is (art. 61(6) art. 1).

⁸³ Reg. 23A(13)(b).

⁸⁴ Sien eindn. 42 hier bo.

⁸⁵ (R800 + R81). R800 is die maandelikse vaste-faktor en R81 is 6.75% van R1 200 (synde R2 000 minus R800, die verbruiker se maandelikse bruto inkomste bo die inkomstegroepering-minimum waarin die verbruiker val).

⁸⁶ Die bedrag van R15 048 in die vb. in eindn. 42 hier bo het jaarlikse noodsaaklike uitgawes verteenwoordig. R15 048 gedeel deur 12 lewer ’n bedrag van R1 254, die maandelikse noodsaaklike uitgawes wat die kredietgewer in ag moet neem.

⁸⁷ Sien eindnote 74–6 hier bo.

⁸⁸ “Double counting”.

⁸⁹ Sodanige kredietooreenkoms staan in die Kredietwet as ’n konsolidasie-ooreenkoms bekend, welke begrip nie in die wet gedefinieer word nie. ’n Konsolidasie-ooreenkoms is ’n ooreenkoms ingevolge waarvan die verbruiker se bestaande skuld in een vervangende ooreenkoms gekonsolideer word. Art. 88(1) bepaal dat ’n verbruiker wat vir die hersiening van sy of haar skuld ingevolge art. 86(1) aansoek gedoen het, of wat ingevolge art. 85(a) in die hof beweer het dat die verbruiker skuldoortrokke is, nie ’n nuwe kredietooreenkoms behalwe ’n konsolidasie-ooreenkoms mag aangaan totdat die aangeleentheid gefinaliseer is nie.

⁹⁰ Reg. 23A(14)(a) en (b) onderskeidelik.

⁹¹ Reg. 23A(13).

⁹² Reg. 2(a).

⁹³ Oftewel “adverse credit information”. Die term word in reg. 1 gedefinieer en sluit o.a. ongunstige, subjektiewe klassifiserings van die verbruiker se gedrag soos “delinquent” en “slow paying” asook nadelige klassifiserings van skuldafdwingingsprosedures wat deur die kredietgewer geneem is, soos “handed over for collection or recovery” en “legal action”, in.

⁹⁴ Wat deur die kredietburo gehou word.

⁹⁵ Reg. 2(b).

⁹⁶ Reg. 1 definieer “paid up judgments” as vonnisse (insluitend verstekvonnisse) wat deur siviele howe opgelê is en ten aansien waarvan die verbruiker die kapitale bedrag kragtens die vonnis afgelos het.

⁹⁷ Reg. 2(b).

⁹⁸ Reg. 2(a).

⁹⁹ Reg. 2(i).

¹⁰⁰ Reg. 3.

¹⁰¹ Volgens Wikipedia is “credit scoring” die praktyk ingevolge waarvan ’n numeriese waarde op grond van ’n analise van ’n persoon se kredietrekords toegeken word, welke numeriese waarde die kredietwaardigheid van die persoon verteenwoordig. Krediettellings word primêr op kredietrekords wat deur kredietburo’s gehou word, gebaseer en word deur leners aangewend om die potensiele risiko verbonde aan geldlenings aan verbruikers te bepaal.

¹⁰² Reg. 3(d).

¹⁰³ Reg. 23A(15) van die kredietregulasies maak vir die openbaarmaking van die sg. “credit cost multiple” (die ratio of verhouding van die totale koste van krediet tot die hoofskuld wat toegestaan is, d.w.s. die totale koste van krediet gedeel deur die hoofskuld wat toegestaan is uitgedruk as ’n syfer tot twee desimale plekke – reg. 1) en die totale koste van krediet aan die verbruiker voorsiening, welke aangeleentheid met voor-ooreenkoms openbaarmaking te doen het en gevolglik buite die bestek van hierdie bespreking val.

¹⁰⁴ Reg. 23A(16). Daar dien gemeld te word dat die verwysing na art. 136 nie korrek kan wees nie aangesien die gemelde art. oor die aanhangigmaking van klagtes by die kredietreguleerder handel. Art. 134 maak vir alternatiewe geskilbeslegting voorsiening. In stede daarvan om ’n klag by die kredietreguleerder aanhangig te maak, kan ’n persoon ingevolge art. 134(1) ’n aangeleentheid of ’n dispuut wat ontstaan as gevolg van ’n bewering dat ’n kredietooreenkoms roekeloos is en wat die onderwerp van ’n klagte kan uitmaak, soos volg verwys: indien die kredietgewer ’n finansiële instelling is (soos in die Financial Services Ombud Schemes Act 37 of 2004 gedefinieer), moet die aangeleentheid na die ombud met jurisdiksie verwys word. Indien die kredietgewer nie sodanige finansiële instelling is nie, kan die aangeleentheid óf na ’n verbruikershof óf na ’n alternatiewe geskilbeslegtingsagent verwys word. Reg. 23A(16) wat voorsiening maak dat die klagte, as ’n eerste stap, by die kredietgewer aanhangig gemaak kan word, blyk dus nie korrek te wees nie.

¹⁰⁵ Sien die kommentaar in eindn. 104 hier bo.

¹⁰⁶ Die verwysing na “subregulation 10A(15) above” in stede van “subregulation 23A(17)” is klaarblyklik ’n fout. Reg. 10A handel oor “payment distribution agents” en bevat in elk geval nie ’n sub-reg. 15 nie.

¹⁰⁷ Reg. 23A(18).

¹⁰⁸ Reg. 23A(19).

¹⁰⁹ Reg. 23A(20). In die lig van die kommentaar in eindnotas 104 en 106 hier bo, word aan die hand gedoen dat die grieweproses waarvoor in reg. 23A(16)–(20) voorsiening gemaak word,

hersien moet word om die verkeerde verwysing na subreg. 10A(15) reg te stel en om die proses op een lyn met die Kredietwet se bepalings te bring.

¹¹⁰ Hetsy die verbruiker 'n natuurlike of regspersoon is.

¹¹¹ Art. 60(1).

¹¹² Die reg is onderhewig aan artt. 61 en 66 van die wet wat 'n verbruiker teen diskriminasie in verband met kredietverlening beskerm. Indien diskriminasie wel plaasvind, verleen art.61(6) remedies aan die verbruiker.

¹¹³ Art. 60(3) is onderhewig aan art. 61 wat daarop gemik is om diskriminasie in verband met kredietverlening uit te skakel en art. 92(3) wat bepaal dat 'n kredietgewer vir 'n tydperk van 5 besigheidsdae nadat 'n kredietkwotasie aan 'n verbruiker uitgereik is aan die kwotasie gebonde is.

¹¹⁴ Die verbruiker kan die redes vir die weiering aanvra en die kredietgewer is verplig om die redes te verskaf. Sien art. 62.

¹¹⁵ Hierdie ongenommerde bepaling in hfst. 6 van die finale regulasiewysigings is, sover ek kon vasstel, nie in die kredietregulasies vervat nie.

¹¹⁶ Eindn. 49 hier bo.

¹¹⁷ Eindn. 50 hier bo.

¹¹⁸ Of gesamentlike verbruiker. Voortaan sluit enige verwysing in die evaluasie na verbruiker 'n gesamentlike verbruiker in, indien van toepassing.

¹¹⁹ In die September 2013-riglyne is die term "reasonable" gebruik maar in die 2014-konsepregulasies is dit deur "practicable" vervang.

¹²⁰ Hierdie aangeleentheid vorm die onderwerp van 'n afsonderlike bespreking en word nie verder aangespreek nie.

¹²¹ Sien hier bo eindnotas 22–3.

¹²² Of in die geval van verbandooreenkomste 14 besigheidsdae. Die rede vir die onderskeid tussen verbandooreenkomste en ander kredietooreenkomste is nie duidelik nie maar dit hou waarskynlik met praktiese oorwegings verband.

¹²³ 'n Gesentraliseerde nasionale kredietregister wat deur art. 69 van die Kredietwet in die vooruitsig gestel is maar nog nie deur die kredietreguleerder op die been gebring is nie.

¹²⁴ Sien verder Kelly-Louw (2014:39–41).

¹²⁵ Sien verder in hierdie verband Renke (2012:644) en Kelly-Louw (2014:41, 56, 58).